Tjokkie WEEKBLAD

UNIVERSITAS
NET MY BESTE

23 Mei 2025 Uitgawe: 5/2/2025

## UIT DIE KANTOOR

Die winter is nou werklik hier. Ons voel nie net die koue nie, maar daar is ook heelwat leerders wat siek en afwesig is. Ek doen 'n beroep op ouers om asb. u kind se registeronderwyser te laat weet indien u kind siek is. Reël ook asb. betyds met die vakonderwyser dat huiswerk aan afwesige leerders gegee kan word sodat hulle nie agter raak met hulle werk nie.

Die toetsreeks vir Gr. 4 - 7 het vandag ten einde geloop. Baie dankie vir u geduld met die besige buitemuurse program en die feit dat leerders ook nog moes leer vir hierdie toetse. Die toevoeging van die Wesgrow-liga (wat nou afgehandel is) to t die gewone rugby- en netballiga plaas ongelooflike druk op die akademiese program van die skool. Ons is deeglik bewus daarvan en probeer dit so goed as moontlik bestuur. Die eksamen begin weer op 12 Junie. Die buitemuurse program sal teen daardie tyd effens afplat wat beteken dat die leerders meer produktief kan voorberei.

**Skoolklere en Tjokkieshop**

Ouers moet vroegtydig kennis neem dat die Tjokkieshop wat tans op die perseel is verskuif gaan word na die perseel op die hoek van Louis Bok en Von Bondestraat. Dit is waar die "Nessie-koffiewinkel" tans is. Met hierdie skuif sal dit meer gerieflik wees vir ouers en sal dit daagliks oop wees vir besigheid van 7:00 – 15:00. Dit behoort reeds aan die begin van die 3de kwartaal operasioneel te wees.


Hiermee as agtergrond moet ouers ook kennis neem dat die rooi Drymac-baadjie met die kappie, sedert September 2024 nie meer deel van ons amptelike skooldrag is nie. Dit vorm deel van die uitfasering van die "ou" skooldrag en ouers moet dit nie meer onder mekaar aankoop nie. Alle verskaffers is ook reeds hiervan verwittig. Slegs die rooi "soft shell" -baadjie is nou die amptelike baadjie wat gedra mag word. Ek vra ouers se samewerking dat ons hierdie "verouderde klerasie" uit die sisteem verwyder sal kry.

## BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| 23 Mei: | Kleuterskool Gholfdag |
| | Mini-netbal @ FHP |
| | Willem Postma "Spelling Bee" (20 leerders) |
| | ATKV Redenaars Streeksfinaal (Bethlehem) |
| 23-25 Mei: | Voortrekker Kommandokamp (Retief kampterrein) |
| 24 Mei: | Nautilus |
| 26 Mei: | Rugby vs Onze Rust (Tuis) |
| 27 Mei: | Bingo-aand |
| | Skaakliga |
| 28 Mei: | Hokkie inligtingsaand met ouers (18:00) |
| 29 Mei: | Rugby- en Netballiga @ Brandwag |

## VERJAARSDAE

29 Mei: Juf. Sulene Venter (Gr. 1)



## ANDER

**Personeelsake:**

Die volgende personeel het onlangs bedank en verlaat Tjokkies aan die einde van die kwartaal:

Mnr. Arthur Williams en sy vrou verhuis na Pretoria waar hy 'n pos by Laerskool Menlopark aanvaar het.

Juf. Rozanne Koen het besluit om haar eie besigheid te begin hier in Bloemfontein. Mej. Sue-Ann Kruger is reeds deur die Beheerliggaam in juf. Rozanne se plek aangestel en sal binnekort by ons aansluit.

Mnr. Arthur se pos is reeds geadverteer en 'n aanstelling sal spoedig gemaak word.

Ons bedank beide kollegas vir hul onbaatsigtige diens aan Tjokkies en wens hul net die beste toe vir die toekoms.

## VAN DIE MAMMAS WAT BID

PSALMS 27:1 NLV
[1] 'n Dawidspsalm. Die Here is my lig en my redding. Vir wie moet ek dan vrees? Die Here is my lewenstoevlug. Vir wie sal ek dan bang wees?

Klaagliedere van Jeremia 3:24 AFR20
[24] My erfdeel is die Here, sê ek; daarom hoop ek op Hom.

PSALMS 91:2-3 NLV
[2] Ek sal vir die Here sê: "U is my toevlug en my vesting, my God op wie ek vertrou." [3] Verseker sal Hy jou red..."

PSALMS 100:3 AFR53
[3] Erken dat die Here God is: Hy het ons gemaak, en ons is syne, sy volk en die skape van sy weide.

Wanneer ons erken wie God is en Wie Hy is vir ons, reageer ons op 'n ander manier teenoor die lewe en sy talle uitdagings.
In vergelyking met wie God is, is my berg eintlik 'n molshoop!

PSALMS 34:5 NLV
[5] Ek het tot die Here gebid en Hy het my geantwoord, Hy het my bevry van alles waarvoor ek bang is.

Gebed
Here, help my om te glo wie U sê U is. Daarin lê my redding! Amen.

## UIT DIE BEMARKINGSKANTOOR

Ondersteun asseblief Tjokkies se Ondersteunersklub se heerlike rolbaldag.

Sien aangeheg die nodige advertensie en Googlevorm.


99.99
159.99
SAVE R40
AS SEEN ON TV
CAPE POINT
parmalat
SAVE R40
119.99
LIVE XTRA
WITH SA'S NO.1 IN VALUE*
XTRA SAVINGS
Checkers
Rama
SPAAR R10
37.99
SAVE 27%
ANY 4 FOR
R70
TASTIC
37.99
SAVE R3
29.99
Kellogg's
CORN FLAKES
SPAAR R10
69.99
Coca-Cola
SAVE R24
2 FOR
R44
BUY ANY 2 & SAVE 25%
ARIEL
TWINSAVER
AS SEEN ON TV
SAVE R20
159.99
30% BACK IN-STORE
IN UCOUNT REWARDS POINTS
WHEN PAYING WITH YOUR QUALIFYING STANDARD BANK CARD
Standard Bank
Checkers
Checkers Hyper
better and better


BLOEMFONTEIN
MOTORS
Proud Sponsor of : Tjokkies School
150 Oliver Tambo Road, Oranjesig, Bloemfontein
www.bloemfonteinmotors.co.za | 051 4477 042